suid nuus
ng middelburg-suid

26 Desember 2021
Geen erediens vandag nie.

KERKLIKE JAAR

Vandag is die eerste Sondag in Kerstyd. Die betekenis van Kerstyd gaan deesdae maklik verlore in die kommersialisering van die fees en die werklike betekenis word nie meer verstaan nie. Kersfees en Advent word ook baie maklik verwar sodat beide feeste van hulle betekenis beroof en gelowiges daardeur verarm word. Kersfees begin reeds die aand na sonsondergang op 24 Desember en duur vir twaalf dae tot die fees van Epifanie op die 6de Januarie. Dit verduidelik dan ook die Engelse Kersliedjie The Twelve days of Christmas. Die Engelse naam Christmas, word afgelei van Christ mass, of 'n mis gehou ter ere van die geboorte van Christus op 25 Desember. Kersfees was nie deur die eerste Christene gevier nie, maar was in die jare tussen 300 – 400 nC as 'n Christen fees ingestel deur die vroeë kerkvaders. Vir Christene is Kersfees die viering van Christus se geboorte. Die betekenis wat gelowiges in die fees moet sien lê ver anderkant die betekenis wat die sekulêre wêreld vir ons daaraan wil gee. God het mens geword en onder ons kom woon om vir alle mense die hoop van ewige redding te bring. Ons aanbid 'n lewende God wat omgee en wat bemoeienis maak met Sy kinders in hulle alledaagse lewe. Met Kerstyd vier ons die wonder van God wat Homself kom bekendmaak aan die mensdom. Die kleure in Kerstyd is wit en goud, wat dui op feesviering en vreugde. Die krip en die Betlehem ster is die vernaamste simbole wat die Kersverhaal weerspieël, so ook engele en herders. Kerse is 'n voortsetting van die fees van Advent, maar nou is dit nog meer ‘n herinnering aan Christus as Lig van die wêreld.

“Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” Mattheus 1:21

OUJAARSDIENS

Ons het nie ‘n middernagdiens in die kerkgebou nie, maar wel ‘n virtuele diens, as gevolg van die “curfew”.

VERJAARSDAE 26 DESEMBER – 1 JANUARIE

26 DESEMBER	Alice Stander	Marnelle du Toit	George Stoltz
Linda Dawson	Ronel van Rooyen	Kate-Lynn Groenewald	Jaco Swart
Nicus van der Merwe	Paula Verwey	Danie Henning	Maggie van der Merwe
Jozua Zwiegelaar	Francois Viljoen	Lizette Kruger	Piet van Zyl
27 DESEMBER	Gert Viljoen	Trevor Langeveld	**1 JANUARIE**
Ada Breytenbach	**29 DESEMBER**	Alisa Smit	Georgia de Jager
Jaco Joubert	Herman Ackermann	Susan Stoltz	Inge Dörfling
Cornel Louw	Jaco Botma	Deon van der Merwe	Franshua Joubert
Retha Swanepoel	Koos Kruger	George van Niekerk	Michelle Koekemoer
Christo Viljoen	Kobie Pansegrauw	Kaylie van Staden	Carlien Kotzé
28 DESEMBER	Rudolf Peens	Marie Wilken	Jacques le Roux
Thomas Bothma	Dorris Pienaar	**31 DESEMBER**	Elrize Rossouw
Penny de Villiers	Corinne Scholtz	Shirley Brits	Heleen van Wyk
Nico Erasmus	Kevin van Schalkwyk	Charissa Leonard	Johan van Zyl
Frank Glaeser	**30 DESEMBER**	Irene Muller	Jason Venter
Elize Malan	Carike Blom	Frikkie Oosthuizen	Hardus Vermaak
Quintin Schoeman	James-Dean Bruce	Charmaine Smit	Andrew Worth

Veels geluk aan almal wat die komende week verjaar! Mag die volgende jaar oorloop van liefde en God se seëninge.

* Tannie Marie Wilken word op Donderdag, 30 Desember 87 jaar oud.
* Oom Frank Glaeser word op Dinsdag, 28 Desember, 86 jaar oud.
* Tannie Dorris Pienaar word op Woensdag, 29 Desember, 81 jaar oud.